ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Junie / June 2021

# JEUGDAG-16 Junie

Kinders is mal oor liefde en pret. Oupas en Oumas ook. Die twee geslagte is gemaak vir mekaar. Grootouers en kleinkinders het mekaar nodig, hulle kan mekaar met oorgawe geniet en hulle steek ook nie hierdie liefde weg nie, maar wys dit vir mekaar op honderde verskillende maniere. As grootouer ontdek jy hoe vreeslik maklik dit is om vir jou kleinkinders te vertel ( en te wys) dat jy hulle liefhet-'n geheim wat jy nie geken het toe jou eie kinders klein was nie. Om hierdie rede is daar altyd 'n hegte band tussen grootouers en kleinkinders en deel hulle 'n spesiale vertrouensverhouding.

Grootouers het kleinkinders nodig om die veranderende wereld vir hulle lewendig te hou en hulle weer 'n slag te laat sien presies hoe wonderlik en varsnuut die wereld deur die oog van 'n kind is. Grootouers ontdek dat kleinkinders waarde aan hulle lewe toevoeg in 'n stadium wanneer 'n mens die indruk kry dat jou waarde besig is om af te neem.

Kleinkinders het grootouers nodig om hulle van menslike wysheid en ondervinding te voorsien in 'n wereld wat hulle nog nie ken nie, om stabiliteit aan hulle lewe te gee en ook om hulle te leer wat onvoorwaardelike liefde beteken.

Kleinkinders en grootouers kan 'n belangrike behoefte vir mekaar vervul. Hulle kan na mekaar luister, hulle kan ontdek hoe goed dit is dat daar nog 'n persoon is wat 'n mens se gedagtes en idees ernstig opneem en hulle kan ervaar hoe wonderlik dit is om gekoester te word , sonder dat daar enige eise aan jou gestel word, behalwe om net te wees.
As grootouer kan ek hierdie spesiale dag dit vir my kleinkinders –maak nie saak hoe oud hulle is nie-spesiaal maak. Praat! Kuier! Bederf! En Geniet mekaar!

# Estate matters
# Defect reporting system

**6.1 During office hours**
-If you detect a defect, report it during office hours in writing using the Client Query Book at Reception.
-The Maintenance supervisor will collect Query forms during the day and inspect the reported defects and you will be advised if the defect is to be addressed by yourself or not.

-If it is an emergency, including water, electrical or security issues, Reception will report it per radio.
-The Maintenance supervisor will inspect the defect within 24 hours after reporting.

-Minor issues like change a light bulb, change tap washer, connecting washing machines, etc will be attended to as soon as possible by the maintenance team.
-If for the account of the owner, the Maintenance supervisor will advise the resident on which provider they could contact to resolve the problem.

-Following inspection, the Maintenance supervisor will provide feedback to Reception. The outcome will be documented.
-Defects that have been resolved will be signed off by the resident with the date of attendance and person responsible.
-If the matter is suspected to be construction related, it will be brought to the attention of the General Manager, who will inspect the defect, take photographs and sent it to the Operations Manager.

**Clarification**:
1.Residents are requested to make sure the defect/problem is resolved before signing off.
2.Residents must buy their own light bulbs before maintenance will attend to the problem-they do not have stock .
3.If you are renting a unit, request the owner, through the agent, to provide light bulbs..

## 6.2 **After hours and emergency defects**

-A maintenance emergency is an incident that cannot wait to be attended to until the next working day. This includes incidents such as:
.A burst pipe or geyser,
.Severe water leakage resulting in flooding inside the unit, or no water,
.Blocked drain with an overflowing sewerage
.Total power outage, excluding load shedding
.Electricity continually tripping

-The process to follow:
.If you detect a defect after hours or an emergency, contact the emergency number 073 007 0715
.Csi's staff member on call will assist to determine the extent of the problem and whether it is an emergency or if it can be dealt with on the next working day.
.If found to be an emergency, it will be attended to immediately, if not, it will be handled as a defect report.

**Clarification**:
1.Residents are reminded that all problems can not always be resolved by the Maintenance supervisor; and if outside assistance is needed, costs for the owner can be involved.
2. If a water leakage is at your solar panel, the Maintenance team can attend to it on the roof; but if the water seeps through your ceiling into you cupboards and damage it, that is an insurance issue, provided that the resident report it immediately to the Manager, and not after a month

(From: Guide to Estate living pages 39,40)

**REMEMBER:**
1.Everything **inside** your unit walls and roof and floors are private property and repairs is for your own cost.

2.Everything **outside** your unit walls, that is the garden area, your patio and the paving, is community property.

**“GOED GEKWALIFISEERD”** geskryf deur Bettie du Rand

Die Covid-19 tyd het my “goed gekwalifiseerd” laat raak in verskeie rigtings:
-Om my eie geselskap te geniet.
-Om lekker te eet.
-Om ure lank in die son te sit en my gedagtes te laat loop op verre paaie van die verlede.
-Om die wereld van buite te bekyk-deur tv, radio, koerante, apps, videos, storietjies van die enkele besoekers en menings van elders.
-Om lang ure te slaap en laat op te staan.
-Om my tuin te geniet.
-Om nuwe resepte te probeer.
-Om kerkdienste te luister en Bybel te lees.
-Om al my goeie boeke te lees,party sowaar vir die eerste keer.
-Om my bure se hondjie te vertroetel en hom klein happies lekkernye te voer(wat ek nie mag nie)
-Om die kwikstertjies met kaas te voer en my te verwonder aan hoe mak hulle is as hulle selfs tot in my kombuis rondloop.
-Om my medemense en hulle geite te bedink en verwonderd te staan oor hoe verskillend mense kan optree.
-Om mooi stories op my foon aan te stuur wat ander mense dalk grensloos irriteer.
-Om truitjies,” Pink Panthers” en teddiebere te brei vir agterkleinkinders wat ek nooit gaan sien nie.
-Om plakboeke te maak, ook vir hierdie kindertjies.
-Om elke moontlike blokkiesraaisel te probeer voltooi.
-Om NET programme waarvan ek hou op TV te kyk, nevermaaind hoe goed of hoe swak.
-Om bevele uit te voer van kinders wat baie dinge uitdink om my mee besig te hou.
-MAAR ook om met dankbaarheid dit wat nog goed en mooi is, te beleef en te waardeer, veral my hele groot familie.
-En laastens, om dankbaar te wees vir so baie seeninge in ‘n moeilike tyd en op my leeftyd.

(Ingestuur deur Elmarie Botes)

# 90 JAAR JONK

Daar is 'n gesegde wat lui ouderdom is net 'n getal, dis hoe oud jy voel wat saak maak. Daarvan is my ma, Bettie du Rand (huis 150), 'n sprekende voorbeeld. Op 1 Junie 2021 is sy 90 jaar oud en wat 'n voorreg vir ons familie om 'n Ma, Ouma en Oumagrootjie met soveel geesdrif vir die lewe te he. Sy het nie toegelaat dat die Covid-19 situasie met al die beperkings en min kontak met familie en vriende, haar onderkry nie. Sy het eerder die tyd gebruik om "goed gekwalifiseerd" te raak op allerhande gebiede. Ek deel graag haar woorde met elke Eldo-inwoner wat die afgelope jaar net soos sy moes aanpas by afstand hou, masker dra, aanlyn-kuier en aanlyn-koop.





**Hannie Botha van 1208 en haar kinders geniet Moedersdag-middagete in die restaurant wat nou weer elke dag oop sal wees vir aansit-etes vir inwoners**

# HOUTKAPPER














# STRAATTUINE













## FATHERS DAY 20 JUNE

Happy is the man who does not take the wicked for his guide, nor walk the road that sinners tread, nor take his seat among the scornful; the law of the Lord is his delight, the law his meditation night and day.

He is like a tree planted beside a watercourse, which yields its fruit in season and its leaf never withers: in all that he does he prospers.
(Psalm 1)

## NUWE INTREKKERS

Die Bestuurder en Direksie heet die volgende nuwe intrekkers welkom en nooi hulle uit om by die kantoor navraag te doen oor alle aspekte van Landgoed verblyf waaroor onsekerheid bestaan. Die vriendelike ontvangsdames help graag.

Leon de Villiers 1116
Drien Crous 1217
Rona Roode 1220
Julandi Mathee 1319
Herman en Rina le Roux 5
Bill en Wendy Werner 212









**IN GESPREK 29**: Julius Schmidt

Heinde en verre en orals!
Julius is gebore in 1946 in Potchefstroom waar sy Pa 'n magistraat was. Hy doen matriek by Charlie Hofmeyr in Ceres; daarna sy diensplig en word 'n infanterie offisier by 5 SAI. Daarna Maties toe vir BA, Hons en MA-grade.

Tyd om te werk: hy sluit aan by Buitelandse Sake en word in 1973 verplaas na die SA Ambassade in London. Intussen het hy 'n lugwaardin, Hiletjie, ontmoet: hulle trou op 1 Junie 1973 en dieselfde aand op die vliegtuig London toe. Na 3 jaar is hulle terug in Pretoria. Hy was op pad na die Ambassade in Israel, maar is afgeraai weens sy hooikoors.Hy word deur die SA Weermag gewerf; aangestel as 'n (baie jong) major en verplaas na die Kaapse Korps waar hy onder andere besig was met opleiding; veral om verskillende kulturele sensitiwiteite en die respek daarvoor, aan weermaglede tuis te bring.

President PW Botha stig die Presidentsraad en Julius word gewerf as Sekretaris van die Ekonomiese komitee, en later as PA vir vise-President Alwyn Schlebusch.In1982 word hy Admin Bestuurder van die SAUK in Port Elizabeth waar hy ook 'n deeltydse uitsaaier was-elke Donderdagaand en Sondagoggende. Vroeg negentigs word hy deur Wynand Harmse gevra om by SAUK hoofkantoor te begin werk tot 1995, waarna hy en die meerderheid senior beamptes uit diens gestel is.
Julius verander van loopbaan en sluit aan by Liberty Life in Johannesburg tot 2006. Hy word met Parkinsons gediagnoseer en tree af "op die boeke" tot pensioen in 2011. In 2016 ondergaan hy 'n operasie vir diepbrein-stimulasie.

Intussen is Hiletjie in 2008 oorlede. Hulle het twee dogters en drie kleinkinders. Die een dogter bly in Mosambiek en die ander een naby Hartbeespoortdam. Toe die kinders nog in Valhalla gewoon het, het hulle aangedring dat Pa nader trek en hy trek dus in 2017 by die Landgoed in.

Ter slotsom haal Julius die volgende aan: "What a wonderful life I had, I only wished I realized it sooner".
So waar!

# DIREKSIE 2021

Die Huiseienaarsvereniging (HEV) is ‘n regsentiteit wie se lede al die eienaars in die Aftree Landgoed is. Eienaars word outomaties lid van die HEV wanneer ‘n eenheid oorgedra word in hul naam.

Die Huiseienaarsvereniging vergader ten minste een maal per jaar by die “Algemene Jaarvergadering” waar direkteure –die verkose verteenwoordigers van die eienaars- gekies word om die gemeenskaplike eiendom te bestuur en die funksies en pligte van die HEV uit te voer. (Leefstylgids bladsy 22 par 4.2.3 en 4.2.4)

Die direkteure met hulle portefeuljes is:
Wilma vd Berg: Voorsitter; Sorgsentrum; en Dienssentrum
Johan du Preez: O/voorsitter; Infrastruktuur; Sosiaal en Maatskaplik.
Johan Alberts: Finansies
Michael vd Berg: Veiligheid en Sekuriteit
Ina Niemann: Fasiliteite en Kommunikasie

# GOOD NEWS

-Re-opening of restaurant on 9 May for sit-down meals.
-There will be two sessions per day: 11h30-12h30 and 13h00-14h00
-Maximum of 50 persons per session
-Social/physical distancing(more than 1,5m ) to be maintained at all times.

-Bookings for sit-down meals to be done at terminal first and then you proceed to the kitchen counter immediately (inside the restaurant) for specific table allocation
-Take-aways 11h00-12h00. Book at terminal
-Deliveries: 10h00-11h30. Book at terminal.

-Strict Covid-19 protocols will be in place.
-No mask: no entry.
-Temperatures of all visitors/guests will be taken. (Above 37,5 C no entry)

# CLOTHING

FRIDAY 11 JUNE 10h00
ELDORAIGNE HALL

**NEW WINTER CLOTHING**

BEAUTIFUL SA JERSEYS, GILEYS, BLOUSES, TOPS,
LONG PANTS, PONCHOS, PYJAMAS, SLIPPERS

**LONG SLEEVE MEN'S SHIRTS**
**WAIST COATS, JERSEYS**

SOMETHING DIFFERENT AT LOW PRICES
WE ACCEPT **ALL BANK CARDS**
SIZES: SS-4XL
MARIETJIE: 082 774 0864
**SHALOM**
COVID-19: SANITISE, MASKS, DISTANCE
DRIED FRUIT & NUTS AVAILABLE

## BRONBERG RETIREMENT ESTATE




1 Bedroom, 1 Bathroom ground floor apartment from R8 000
1 Bedroom, 1 Bathroom third floor apartment from R6 800
2 Bedroom, 1 Bathroom ground floor apartment from R8 200
2 Bedroom, 1 Bathroom second floor apartment from R7 300
2 Bedroom, 1 Bathroom larger apartment from R7 800

Karin Stelzer
082 879 1198
karin@csirentals.co.za

Alice Odendaal
078 673 3935
alice@csiproperties.co.za

## ELDORAIGNE RETIREMENT VILLAGE




1 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R7 000
2 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R8 000
2 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R10 000
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R12 000

Leatitia Ferreira
083 378 4510
leatitia@csiproperties.co.za

**GOING ABOVE AND BEYOND TO FIND YOUR NEXT HOME**

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

# CSi

Sales
Rentals
Property Management

Trustworthy Property Solutions




## YOUR PROPERTIES TO SELL

## Your Property Professional In Eldoraigne Retirement Village!

- YES! Sales
- YES! Property Investment
- YES! Bond Origination



**Ruan Erasmus**
**071 481 6199**
**ruan@csisales.co.za**

Visit our website for listings: www.csi-euf.co.za || 011 805 6316